



ALGEMENE INLIGTING EN OOREENKOMS

Die naskoolsentrum word namens Laerskool Pierneef bedryf deur Me Marie de Beer.

Die sentrum bied

- Volwasse toesig op weksdae vanaf 12:45 tot 17:45.
- 'n Ligte middaget, voorberei deur voltydse werkers, aan alle ingeskrewe lede.
- Toegang vir leerders vanaf graad R tot graad 7.
- Geleentheid vir leerders om aan die normale skoolaktiwiteite deel te neem.
- Toesig en hulp met tuiswerk (ouers bly egter verantwoordelik vir finale nagaan)
- Genoegsame tyd vir vrye spel.
- Daar word voldoen aan die Covid-regulasies.

Veiligheid

- 'n Daaglikse register word bygehou.
- Leerders word by die hek in 26ste laan deur hulle ouers afgehaal.
- Geen leerder mag buite op die sypaadjie vir ouers wag nie.
- Leerders mag slegs huistoe loop na skriftelike toestemming deur die ouers verleen is.
- Slegs ouers mag leerders by die naskool afhaal of indien anders skriftelik gereël.
- Afwesighede moet aan die naskoolsentrum bekend gemaak word.

Bedryfstye

- Die sentrum is op alle skooldae vanaf 12:45 tot 17H45 oop.
- Die sentrum is in alle skoolvakansies, uitgesonderd die Desember skoolvakansie, oop.
- Die naskool sal tydens skoolvakansies alle leerlinge inneem teen die gewone fooi van R500.00 per leerder. Die diens is vir ouers wat nie vakansies reëlings kan maak nie. Daar moet alvorens reëlings getref word met Me M. de Beer.

Sentrumfooie

- Sentrumfooie beloop R570 per maand per leerling.
- 'n Geen betaal geen diens beginsel word vanaf 1 Julie gevolg, soortgelyk aan Gr en RR fooie – geen kwyt skelding or korting word toegestaan nie
- Alle fooie is streng vooruit betaalbaar en wel op die eerste skooldag van elke maand.
- Fooie word vir twaalf maande van die jaar gehef.
- Geen addisionele fooie is vir vakansies betaalbaar nie.
- Die naskoolgelde word direk aan die skool betaal.

Kennisgewingstydperk

- Ouers van leerders wat in die naskoolsentrum ingeskryf is moet een kalendermaand kennis gee alvorens 'n leerder die sentrum verlaat.
- Ouers wat nie op die eerste skooldag van die maand betaal nie sal op die vyfde dag daarna kennis ontvang dat die heersende maand as kennismaand dien, waarna die leerder ongelukkig nie verder in die naskool geakkommodeer sal word nie.

Klagte prosedure

- Alle probleme aangaande die naskoolsentrum kan direk aan die sentrumhoof gerapporteer word
-